DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

27 Februarie 2022

Bloeddiens

Ons herinner graag dat die Bloeddiens elke Maandag van 14:00 – 19:00 in die kerksaal is. Vebind jouself om iets merkwaardig te doen en skenk ten minste vier maal per jaar bloed.

BORG

van die maand

Aloës

Koegelenberg

072 2001 066

THE TUTOR HUB

SPARK YOUR GENIUS

Gehalte leerondersteuning in alle vakke van graad 1 – 12, deur ervare opvoeders aangebied in die kerksaal.

Gebedsonderwerpe

- Bid dat ons sal oop wees vir die boodskap en betekenis van die Lydenstyd en daardeur geestelik verdiep sal word.
- Vir almal in ons gemeente wat siek is, veral vir die wat terminaal is. Bid dat hulle God se nabyheid in hierdie laaste skof op pad na die Lig sal beleef.
- Vir goeie verhoudings tussen verskillende groepe en rasse in ons land. Bid dat mense wat verdeeldheid wil saai nie die oorhand sal kry oor vredemakers en versoeners nie.
- Bid vir huwelike wat weens allerhande faktore onder druk is. Bid dat huweliksmaats bereid sal wees om na oplossings te soek. Bid ook vir beraders wat hulp verleen.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

FEBRUARIE se deurkollektes

06 Feb: Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD)
13 Feb: Caritas
20 Feb: Projek 2021/22
27 Feb: Gemeentebediening

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan

Snap here to pay

Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

Oggenddiens 09:00
Eerste Lydensweek

Baie welkom in ons erediens. Aan die begin van Lydenstyd het ons die Sondag van Verheerliking waar ons die verheerliking van Jesus op die berg herdenk. Vir hierdie geleentheid neem die leesrooster ons na 2 Korintiërs 3:12-4:2.

Ons het ook vandag die voorreg om vir Roux André, die seun van AJ en Judika Nel te doop. Baie geluk aan hulle.

Ons verwelkom ook vir Dr Samuel en Marelize Murray, wat op pad is na die Weste van Zambië om daar hul roeping te gaan uitleef en verligting te bring aan mense in nood.

Mag die Here ons vandag aanraak met sy teenwoordigheid en ons elkeen inspireer om draers van sy lig en sy vrede te wees in 'n duister wêreld.

Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees.

Roete na gestroomde eredienste: Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar te wees vanaf kort voor die eredienstyd.

Meditatiewe diens 07:30

Sondag, 27 Februarie 2022

Nuwe intrekkers

Baie welkom aan alle nuwe intrekkers in ons omgeegemeente. Kom meld gerus by die kerkkantoor aan. Ons wil u graag ontmoet.

Voorbidding

- **Hans Otto,** operasie.
- **Lynette Dobson,** hospitaal.
- **André Stassen,** ernstig.
- **Jan Mynhardt,** oogprobleme.
- **Paula Cooke**, ongesteld.
- **Isabel Pretorius**, met die afsterwe van haar ma.
- **Ottolie Cobbold**, vaskulêre ulkusse.
- **Cecile Maree**, gesondheidsprobleme.
- **Danie du Plessis,** herstel na operasie.
- **Yvonne Meyer,** terminaal.
- **Buks van Zyl,** ongesteld na rugoperasie.
- **Chemie Prinsloo**, erge rugpyn en behandeling.
- **Elize Basson**, sterk tuis aan.
- **Pieter Lerm,** gesondheidsprobleme.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.
- **Johanna Grobbelaar,** gesondheidsprobleme.

Bybelstudie

Woensdae

Oggende (2-weekliks):
2 Mrt 10:00 - kerk
Aande (weekliks):
2 Mrt 18:30 - Patmos

Gebedsgroep

Woensdae

Weekliks:
2 Mrt om 09:00 - kapel

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!